# Getuienis in moordsaak 'knak my'

**Alida Buckle**

**Die opspraakwekkende hofsaak waarin Nikita Titus (26), 'n plaaswerker van Piketberg, teen 'n voormalige polisie-ordonnans van Piketberg getuig het, het haar geknak, het sy verlede week aan *Weslander*, susterskoerant van *Gazette*, erken.**

Sy kan steeds nie saans slaap nie en moes 'n doktersvoorskrif vir slaappille kry om haar te help om aan die slaap te raak.

Richard (Makka) Smit (38) is verlede Donderdag (5 Oktober) in die Kaapse hooggeregshof skuldig bevind aan moord met voorbedagte rade. Hy het sy vriendin, Natasha Booise (32), op 'n Sondagmiddag (2 Januarie 2022) koelbloedig in die middel van die hoofstraat ten aanskoue van haar seun en familie doodgeskiet.

Hy het haar met sy dienspistool in die rug geskiet terwyl sy probeer weghardloop het. Booise het gesterf net daar waar sy in haar wit hemp en blou denim in die straat geval het.

'n Jaar en nege maande later het regter André la Grange dié voormalige polisiesersant lewenslange tronkstraf opgelê. Smit het vroeër ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 skuld beken op die aanklag van moord, aanranding, poging tot moord, dronkbestuur, die hantering van 'n vuurwapen terwyl onder die invloed van drank en die rig van 'n vuurwapen sonder goeie rede.

Vir Titus bring dié vonnis 'n groot gevoel van verligting. "Die hofsaak het my 'n bietjie geknak," het sy erken.

Toe sy op die noodlottige dag verlede jaar saam met Makka gekuier en later in die motor geklim het, het nie sy of haar sussie, wat saamgery het, verwag dat die dag met 'n moord sou eindig nie.



**Die vermoorde Natasha Booise.** Foto: Argief



**Nikita Titus**

Sy het Natasha geken en geweet wie sy was, maar hulle was nie huisvriende nie.

Dit was in die tyd voordat hulle teen Makka sou moes begin getuig, dat die gesukkel om saans te slaap begin het. Sy moes dokter toe gaan weens die stres en angs en moes slaappille kry.

Namate haar getuienis in die hofsaak nadergekom het, was sy gewis bang, al het sy uit haar eie keuse gaan getuig.

"Die oomblik toe ek hom weer sien, het ek weer bang geword."

Sy en haar sussie het geen idee gehad dat Makka daardie noodlottige dag 'n vuurwapen by hom gehad het nie, wat nog te sê in staat sou wees om iemand dood te skiet.

"Almal het Makka geken omdat hy 'n polisieman was. Ek het hom beter leer ken toe ons almal begin saamkuier het," het Titus gesê.

Smit het erken dat hy reeds dronk was toe hy in sy Renault saam met die vroue geklim het om na Booise te gaan soek, waarvoor hy 'n boete van R6 000 of drie jaar tronkstraf opgelê is. Sy rybewys is ook opgeskort.

Smit het erken dat hy Booise aangerand het deur haar uit sy blou Renault Sandero aan die hand te gryp en haar by die motor te probeer intrek. Hiervoor is Smit 'n bykomende drie jaar tronkstraf opgelê.

Booise was op 'n uitstappie saam met haar 12-jarige seun en familielede wat van die Paarl af kom kuier het. Smit het haar volgens getuienis deurentyd gebel en daarop aangedring om te weet waar sy was. Op die kringtelevisie-opname van die moord kan gesien word hoe Roslin Kaaiman, haar niggie, nader stap en ook met Smit begin praat.

Titus het getuig Booise het gepleit Smit "moet dit nie doen nie", waarop Booise



**Richard Makka Smit in die beskuldigdebank in Piketberg.** Foto: Eric Ntbazalila

en Kaaiman omgedraai en begin weghardloop het. Hierop het Smit sy (9-mm-Z88-) dienspistool uitgehaal en oorgehaal. Die volgende oomblik het die skote geklap en Booise is in die rug getref.

Titus het gesê sy het gehou by haar getuienis omdat sy glo mense wat só optree, moet nié vry buite kan rondloop nie.

Nadat Smit Booise doodgeskiet het, het hy agter Kaaiman aangery en, soos hy self erken het, haar probeer doodskiet. Hy het glo aan haar gesê hy gaan haar "vrek skiet". Hiervoor het Smit nóg 10 jaar tronkstraf gekry.

Makka het hierna die sussies afgelaai en eers voor die polisiestasie gesit en selfmoord oorweeg, voordat hy homself oorgegee en in hegtenis geneem is.

Hy het erken dat hy sy dienspistool gebruik het terwyl hy dronk was én nie aan diens was nie, wat hom 'n verdere drie jaar tronkstraf op die hals gehaal het.

Laastens het Smit erken hy het sy dienspistool op Kaaiman gerig sonder goeie rede om dit te doen. La Grange het Smit 'n verdere 12 maande tronkstraf vir dié klag opgelê en hom ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.

Smit, wie se bloedalkoholvlak, luidens hofdokumente, 0,2 g/100 ml tydens die voorval was (die wettige perk is 0,05 g/100 ml) het reeds 'n vorige veroordeling vir dronkbestuur.

Volgens die polisiewoordvoerder kapt. Tania Helfrich is Smit op 14 November 2020 omstreeks 22:30 in dieselfde hoofstraat voorgekeer omdat hy roekeloos bestuur het.

Smit, wie se asem volgens die verkeersbeampte wat hom voorgekeer het, na drank geruik het, het geweier om uit sy voertuig te klim, die voertuigdeure gesluit en van die toneel af weggery. Hy is later aangekeer en in hegtenis geneem, waarna hy skuld beken en 'n boete van R1 000 betaal het.

Nog vroeër, in Julie 2017, het Smit 'n boete van R3 000 betaal nadat hy skuld op 'n klag van aanranding beken het.

"Ek het net so 'n jammerte vir Tasha; dat sy so wreed van ons af weggegaan het. Ek is net bly hy het gekry wat hy verdien," het Titus gesê.



X1KWJF75-ST171023

**Swartland Local Municipality** **EnviroAfrica CC**

**NEMA AND NWA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

**THE PROPOSED ESTABLISHMENT OF AN ELECTRICAL POWERLINE FROM THE NATIONAL GRID TO THE DE HOOP HOUSING SUBSTATION, ACROSS FARM RE/1113, ERF 373, ERF 12496 AND FARM RE/15/766 MALMESBURY RD., SWARTLAND MUNICIPALITY, WESTERN CAPE**

Notice is hereby given of the intention to submit an application for environmental authorisation and the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014, as well as a Water Use License Application (WULA) in terms of the National Water Act (Act 36 of 1998) (NWA). The proposed powerline falls within the ambit of activities listed in terms of the EIA Regulations, 2014 (as amended).

Application for EA to undertake the following activities in terms of EIA Regulations 2014:
Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. **11, 12, 19**
Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **12, 14**

**Application in terms of NWA: Sections 21 (c) and (i)*.**

**Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

EnviroAfrica cc has been appointed by Swartland Local municipality to undertake the NEMA application process for Environmental Authorisation (EA).

**Project Description & Location:**
It is proposed that a new powerline and associated infrastructure be established and connected from the National Grid on the Remainder of the Farm No. 1113 to the De Hoop Housing Substation on the Remainder of Portion 15 of the Farm Olyphants Fontyn No. 766, Swartland Local Municipality. The electrical powerline will be approximately 4.9 km in length and will have a capacity of approximately 132 kV.

The new electrical powerline will traverse Farm RE/1113, Erf 373, Erf 12496 and Farm RE/15/766 in the Swartland Local Municipality. The proposed route is indicated below. The final layout of the electrical powerline across the respective properties will be determined through specialist assessments.

**Proposed route coordinates:**
Start Point A co-ordinates: 33°30'16.89"S 18°41'41.83"E
Middle Point B co-ordinates: 33°29'5.41"S 18°41'25.48"E
Middle Point C co-ordinates: 33°28'44.86"S 18°41'1.06"E
Middle Point D co-ordinates: 33°28'31.55"S 18°41'37.80"E
End Point E co-ordinates: 33°28'14.99"S 18°41'21.55"E

**Public Participation:**
Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the applications and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to either, or all of, the projects to the contact details provided below, on or before **23 November 2023** in terms of the environmental aspects (NEMA Application) and on or before **15 January 2024** for water related issues (NWA WULA Application). In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name/s, and provide their name, address & contact details (indicating your preferred method of notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Please note that only Registered I&APs will be notified of the environmental reports that become available for public viewing and comment and only Registered I&APs will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision; and that an appeal may be lodged against the decision; and if applicable, only Registered I&APs will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority.

Environmental Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: jan@enviroafrica.co.za

DQLN9HSFA-ST171023

# Kyk rugby saam met sakekamer-wenners

Tweehonderdpersent meer mense het deelgeneem in Malmesbury Sakekamer se diensverskaffer van die jaar-kompetisie. Dit beteken groter betrokkenheid van Malmesbury se mense; dit beteken ook dat die wenners vanjaar 'n groter mandaat uit die gemeenskap ontvang as in 2022.

Nou is dit asem ophou om te sien wie gaan Saterdagaand (21 Oktober) as wenners in die onderskeie afdelings (groot, medium en klein ondernemings asook individu van die jaar vir uitmuntende dienslewering) aangewys word.

By groot ondernemings is die vyf finaliste in alfabetiese volgorde Build It Malmesbury, Kaap Agri, Malmesbury Fisheries, Malmesbury Superspar en RSAM.

Finaliste in die medium afdeling is Bergzicht Dierehospitaal, Flynet / Cornergate, Geard Apteek en nuwelinge Sabino Canyon Spur en The Courier Guy Malmesbury.

By klein ondernemings is Die Kookwaterwinkel, Koffie, Manie's Halaal Takeaways, Swartland Apteek en W.R. Motors die finaliste wat om die eerste drie plekke sal meeding.

Die finaliste wat vir uitstekende dienslewering benoem en as individu van die jaar aangewys word, trek elke jaar baie aandag. Vanjaar is die finaliste in hierdie afdeling Abdurahgmaan Allie van Manie's Takeaways; Jeanne Steyn van Swartland Dojo; Johan Beukes van Cherry Lane; Tayla Erentze van Ella Bella Beauty Salon en Werner Rautenbach (WR Motors).

● Enkele kaartjies is nog beskikbaar vir Saterdagaand se spoggeleentheid in die Malmesbury-stadsaal, waartydens die wenners aangewys word. Malmesbury Agri se wenners word ook by hierdie geleentheid bekendgemaak. Stuur vandag nog 'n e-pos-aansoek na info@sakekamer.co.za indien jy graag Saterdagaand wil bywoon. Rugbygeesdriftiges sal die halfeindronde tussen Engeland en Suid-Afrika in die banketsaal kan kyk.